

# Die vervloeking om opgehang te word

Teks: Deuteronomium 21: 18 - 23 & Sondag 15  
Teksvers: Deuteronomium 21: 23

## 1. Inleiding

Sedert die moratorium wat in Februarie 1990 op die doodstraf in Suid Afrika geplaas is, beleef ons nie meer die werklikheid van 'n teregstelling plaaslik nie. Wel nie 'n teregstelling deur die staat nie. Wanneer ons na die moordsyfer kyk is dit natuurlik 'n ander saak onder kriminele, wat deesdae geen respek vir die lewe van 'n ander het nie. Daarom natuurlik gereelde oproepe en pleidooie dat die doodstraf heringestel word in Suid Afrika. Die argument hieragter is dat die vrees daarvoor 'n effektiewe afskrikmiddel sal wees vir misdaad. En dit is geen nuwe teorie nie.

Want alreeds in antieke tye is teregstellings gebruik as afskrik middel vir toekomstige misdadigers. Dit is dan juis uit hierdie afskrik middel komponent, wat ons by die onderwerp van vandag se preek bring. Om opgehang te word as straf. Ophang aan die nek is dan ook die metode van teregstelling wat juis in Suid Afrika gebruik is om die doodstraf te voltrek. Maar in antieke tye is hierdie hangende veroordeeldes langs besige roetes en plekke gelos. Dit is gedoen sodat die publiek kan sien en bang word.

Maar hier in ons leediens wil ons graag hoor wat die Bybel sê oor teregstelling. En nie sommer maar net enige teregstelling nie. In Vraag 39 van die kategismus val die fokus duidelik op die teregstelling van ons Here, Jesus Christus as die manier waarop Hy dan ook gesterf het. Die spesifieke metode waarop Hy tereggestel is die onderwerp van vraag 39. Maar om dit te kan antwoord kom ons gaan leer wat die Bybel sê oor teregstelling deur middel van ophang. Deuteronomium 21 is 'n sleutel gedeelte in hierdie verband.

Ons vra by voorbaat verskoning vir die geweld wat bespreek gaan word in hierdie

prediking. Maar die lyding wat Christus moes ondergaan is geen aangename saak nie. Soos wat ons ook in die res van Sondag 15 bely.

## 2. Teregstelling in die Bybel

Die neem van lewe, selfs die lewe van 'n misdadiger is nooit 'n aangename saak nie. Daarom vorm menslikheid ook die gewoonlik die argument by debatte oor die afskafing van die doodstraf. Die eeu oue vraag of die straf opweeg teenoor die oortreding, ook 'n vraag wanneer ons na die kruising van Christus kyk. Maar meet daarvoor later.

Op watter manier is mense tereggestel in die bybelse tyd is een van die vrae wat ons vanoggend vra? Die bekendste manie wanneer ons terugdink aan die Bybel is seker kruisiging. Tog is kruisiging nie 'n inherente Israelitiese gebruik nie, maar eerder 'n gebruik van die Romeine. Kom ons verduidelik.

Soos duidelik ook uit die eerste gedeelte van ons teksgedeelte, moes mense in Israel terregestel word deur steniging. Maar die volke rondom Israel het ander metodes gebruik. Kruisiging is deur die Perse. Dit is ook gebruik deur Alexander die Grote, die Seleukiede en die Romeine. Dit was 'n straf wat gewoonlik gereserveer was vir gevaarlike misdadigers en mense van die laagste klas.

Die gebruik van kruisiging het ontwikkel uit twee gebruike in antieke tye. Hierdie gebruike is die ophang van 'n persoon met 'n tou om die nek. Terwyl die ander gebruik die sogenaamde paalstraf, ompaling of spiesing was. Dit het die deurboring en vertikale oprigting van die liggaam behels. En wanneer ons na die Hebreeuse woord wat gebruik word in ons teksgedeelte kyk kan die ook met altwee

woorde vertaal word. Hierdie term word ook gebruik wanneer die Farao die bakker laat ophang in Genesis 40 en ook in Joshua 8 waar die koning van Ai gehang word. Kruisinging sou dan later ontwikkel uit 'n kombinasie van van tradisionele hang en die paalstraf.

Die tradisionele hang of paalstraf in antiek Israel is dus 'n gebruik wat van die bure af oorgewaaai word. En alhoewel die vervloeking deur die Here hierin duidelik is, laat Hy dit wel toe, maar onder die streng voorskrifte van Deuteronomium 21: 22 - 23, wat deel is van ons teksgedeelte vandag.

### 3. Die vervloeking

Daar is 'n rede waarom ons teksgedeelte vandag by vers 18 begin. Hierdie 3 verse gee vir ons 'n voorbeeld waarop die Here sondes onder die volk wil uitroei. Veral hierdie sonde van in opstanding kom teen die gesag van jou ouers. Wat ons weet uiteindelik is dit die oortreding van vyfde gebod. Uiteindelik was ons almal deel van die opstand teen die gesag van die Here in optrede van Adam en Eva. Juis daarom is ons verloek en verdoem tot die dood toe.

Maar 'n blote steniging sal nie genoeg wees nie. Nee die dood wat gereserveer is vir die ergste oortreders. Vir mense wat hoogverraad gepleeg het, militêre opdragte ongehoorsaam het, slawe wat weggeloop het. Daardie straf van die vervloekte, die ophang, paalstraf en uiteindelik kruisinging was ons lot. Deel van die vervloeking van 'n persoon wat op hierdie manier gestraf is, was juis die feit dat hy verhef is bokant die grond. Hy behoort dus nie meer aan die aarde nie, maar ook nie aan die hemel nie. Hy hang as 'n ware tussen in.

Soos ons laasweek in die preek oor 1 Konings 13 ook gesien het, was die vervloeking van die grond, die belofde te land ook 'n ernstige saak. En daarom

moet hierdie persoon nie vir dae lank opgehang gelaat word nie. Want uiteindelik sal hy begin verrot en die grond rondom hom onrein maak. Hy sal die land, die belofde land verontreinig.

Die belangrike punt vir ons vanoggend is dat ons as sondige mense hierdie vervloekte straf verdien het. Ons moes eintlik verwerp deur hemel en aarde gesterf het. Want ons het geen bestaansreg voor die Heilige Here gehad nie. Maar dit is nie waar die geskiedenis vir ons eindig nie.

### 4. Christus as offer

Ons het vroër al gesê dat ons terug kom, na die balans tussen straf en oortreding. En in hierdie verband sien ons al van vroeg af 'n ander gebruik in Israel. In die Ou Testament stel die Here die offerdiens in, dit moet dien 'n plaasvervanger vir die straf van die Here. Die mens moet diere offers bring in die plek van sy/haar eie sondes. Want die mens sou in elkgeval nie die straf kon dra vir sy sondes nie. Selfs ons dood sou nie genoeg gewees het om op te weeg teen ons oortredings.

'n Volgende aspek by die diere offers is die spesifieke manier waarop hulle gebring moes word. Die Here gee aan Moses spesifieke opdragte in verband die bring van die offers. Die mense kon nie maar die offers bring soos hulle wou nie. Want ook die metode waarop die diere geoffer is, het iets geopenbaar van die vervloeking wat rus op die veroordeelde wat die straf vir die sonde moet dra. Selfs al is die diereoffer eintlik net 'n plaasvervanger is hierdie metodes belangrik.

Beide hierdie sake trek saam in die offer wat Christus in ons plek bring. Eerstens is Hy die perfekte plaasvervanger. Hy is die sondelose lam. Hy doen nooit enige sonde nie. En daarom kan Hy ten volle plaasvervagend in ons plek die straf dra. Daarom het ons nie meer vandag die diere offers nodig nie. En daarom is Christus net eenkeer geoffer en nie weer nie.

Maar tweedens dan ook, daarom is Hy op die spesifieke manier geoffer. Hy moet die vervloekte kruisdood deurgaans omdat ons in ons sondes ook deur God vervloek was, moes Christus ook in Sy sterwe hierdie vervloeking op Hom neem. Hy moes die vervloeking om opgehang te word deurgaans in ons plek.

## 5. Slot

Ons kan vandag se leediens afsluit in verwondering van die absolute genade uit die hand van die Here. Want het ons al werklik 'n tree terug geneem, en die geheel prentjie aanskou. Die almagtige hemelse Vader het Sy eniggebore Seun opgeoffer in die plek van ons sondes. En hierdie woorde herhaal ons maklik, soms so onnadenkend. Maar wanneer 'n mens stil word by die wreedheid van 'n praktyk soos die kruisiging, dan besef ons weer die hoë prys wat daar was aan ons verlossing.

Sondag 15 as 'n geheel beskryf vir ons 'n lyding groter as wat ons menslike verstand ook kan begryp. Dat die God uit die hemel hierdie gebroke aardse bedeling binnekom. Dat Hy sy hele lewe op aarde God se toorn teen die sonde van hele menslike geslag kom dra het. Maar dan die onderwerp van vandag se preek. Dat Hy 'n vervloekte teregstelling dood moet sterf.

Daardie dood wat gereserveer was vir die slegste onder slegte misdadigers. 'n Teregstellingsmetode wat vandag as heeltemal onmenslik en onaanvaarbaar beskou sou word. Maat uiteindelik in die troos karakter van die Kategismus, is dit net getuigenis van die Vader se liefde vir ons. Dat selfs hierdie hoë prys om ons los te koop nie te veel was nie.

Amen